Publication: SonWes (Sport)
Publication Date: 13 Feb 2018
Page: 29

AVE: 45916.56
Circulation: 73757
Part: 1 of 1



# PIEDT PRYS TROEPE

## Maties klop Tuks; bly onoorwonne

MARK WARD

DIE Maties het hul onoorwonne status in die Varsity Cup-kompetisie behou deur die Tukkies gisteraand in die Coetzenburg-stadion te klop.

Die studente van die Eikestad het met 24-16 gewen.

Die wedstryd het klipharde aksie van begin tot einde opgelewer met die tuisspan wat drie keer gaan druk het.

Die Maties staan nou staan op 14 punte ná drie wedstryde.


Die Ikeys het hul wedstryd op hul kampussportterrein teen die Pukke op dramatiese wyse met 18-15 gewen nadat hulle rustyd 5-3 voor was.

Die tuisspan se agtsteman, Nyasha Tarusenga, het kort voor rustyd vir sy span se eerste van twee drieë oorgegaan.

Drieë deur Dean Stokes en Johan Retief het die Pukke gelyk laat trek, maar dit was Johann Lubbe se strafdoel wat die Ikeys 'n verdiende sege besorg het.

Die Shimlas het intussen maklik 44-24 met Wits afgereken.

Die span van die Sentraal-Universiteit het sy kragmeting teen die Madibaz in Bloemfontein met 38-37 gewen. Beide spanne dobbel in die relegasiesone rond.



**LEIER:** Dane Piedt loof sy spelers vir hul individuele vertonings teen die Titans. **Foto: MARK WARD**

## Span stel sy visier nou op die Lions

MARK WARD
mark.ward@son.co.za

**DIE Lions is nou in die visier van Dane Piedt en sy troepe.**

Die kaptein van die Cape Cobras het gesê die weerstoestande het sy span in die meerdaagse reeks van 'n sege oor die Titans beroof.

"Ons het die Titans in 'n hoek vasgepen, maar die reën en swak lig het ons gekortwiek."

Piedt was een van die topspelers van die Kaapse franchise in die kragmeting met die Titans. Die meerdaagse wedstryd in Benoni het onbeslis geëindig.

Piedt het 'n veelsydige vertoning gelewer. Hy het 74 lopies in die Cobras se eerste beurt aangeteken en ook 5/93 in die wedstryd platgetrek.

Hy het sy spelers vir hul individuele vertonings geloof.

Hoewel die Kaapse streekspan meer punte as die Titans uit die stryd gekry het, bly hy steeds in die vierde plek op die puntelys.

Die Kapenaars staan nou op 78,26, terwyl die Titans aan die boonste plek vasklou met 92,1 punte.

Die Lions sukkel vanjaar, het tot dusver twee van hul ses wedstryde verloor en is onderaan die puntelys geanker.

Piedt het gesê: "My doel as kaptein is om van voor af te lei. Behalwe Pieter Malan se 137 lopies was die boulers ook op hul beste, veral Lizaad Williams en Dane Paterson."

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN
32369
SÊ ONS!

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.